Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

’n God na ons sin

Die volk Israel volg vir God, maar God voel vir hulle vêr, veral as Moses lank wegbly. Dan begin hulle soek na meer, nie noodwendig iets anders nie, maar net God op 'n manier wat vir hulle sin maak.

Hulle praat vir Aaron om, om hulle te help om vir hulle 'n God te maak wat hulle kan sien (en ook beheer kan hê oor). Hulle soek nie 'n ander God nie, hulle soek God net op 'n manier waar hulle in beheer is.

Soveel keer vandag nog bou ons afgode, nie wanneer ons moeg is vir God nie, maar wanneer ons 'n dringende behoefte het dat God op 'n spesifieke manier daar moet wees. Dan maak ons van Hom iets wat Hy nie is nie. Definieer ons hom so goed dat Hy 'n klein afgod word wat sin maak vir ons verstand. Een waar ons min of meer in beheer kan wees. Presies kan sê wat God wil.

Dit is dan juis wanneer God ontsteld word en ons terugroep na Hom. Hoe gemaklik is jy om 'n God te dien wat groter is as jou verstaan, jou logika, jou wetenskap waar jy nie in beheer is nie?

Sondag 25 Augustus

'n God na ons sin
Eksodus 32-33

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Schalk Treurnicht
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Paul Barnard

Deurkollekte: Rampbestuur

Somer eredienstye

Ons somer eredienstye begin op Sondag 1 September:

Meditatiewe dienste om 8:00 en 9:30

Klassieke diens om 8:00

Informeel en jeugaksies om 9:30

Sondag 1 September

Somer eredienstye begin

Sonder of met God die lewe in
Eksodus 33

08:00 Meditatief	Schalk Treurnicht
08:00 Klassiek (doop)	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Schalk Treurnicht
09:30 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Bekkie Nieuwoudt - kanker
Paul Kilian - heupoperasie
Marianneke Kilian - besering

Rou:
Ons dink aan die familie van Elise Versfeld wat oorlede is. Ons dink ook aan Louma du Toit wie se man Jan oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Psalm46:10!

Dagboek:

Dinsdag 27 Augustus
06:00 Kom bid saam
19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Donderdag 29 Augustus
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Vrydag 30 Augustus
Fondue-aand om 18:30

Vrydag 6 September
06:30 50 jaar feesviering ontbyt

Vrydag 11 Oktober
Lentemakietie en gemeentebraai

Saterdag 12 Oktober
Lentemakietie

Sondag 13 Oktober
Jubeljaar nagmaal

Sondag 13 Oktober
Klassieke Klanke Konsert

Kry jy die nuus?

Ons stuur weekliks 'n e-nuusbrief uit met die belangrikste dinge van die week of nuus en die dagboek. Indien jy dit nie kry nie, laat weet ons asseblief deur jou naam en e-posadres te stuur na kommunikasie@nghelder.co.za en ons plaas jou op die verspreidings-lys.

Helderberg Hospitaalprojek benodig asb lee plastiekbottels 500ml, 350ml of 250ml waarin hulle koeldrank bedien aan die pasiente.
Bring asb na die kerkkantoor.
Baie dankie.
Projekleier: Miemie Heerenga

Die geouditeerde finansiële state is op die webblad (www.nghelder.co.za) beskikbaar onder Finansies en dan State.

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Hermanus Bosman - Gordonsbaai
Lisa Bosman - Durbanville-Bergsig
Dewet Burger - Tygerberg
Didi Burger - Riversdal
Morné Ferreira - Riversdal-Wes
Christine Janse van Rensburg - Welgelegen
Renata Lochner - Kathu
Wayne en Rossanne van Schalkwyk - Wilgespruit

Na die twee oggenddienste kuier ons lekker saam met al die nuwe lidmate in die Tent.

Levis word benodig

Dalk soek jy 'n plek om betrokke te raak en jou tyd vir die Here te gee. Daar is plek vir jou by enige van die eredienste met die volgende behoeftes:

- Verwelkoming by die kerkdeure
- Opneem van kollekte
- Bediening van nagmaal een keer 'n kwartaal

Kom word deel van die Aanbiddingspan. Vir meer inligting kontak gerus vir Annette Botha by 021-851 5582 of aanbidding@nghelder.co.za

Ons word 50 en vier fees

As deel van Helderberg se Jubeljaar vieringe beplan ons ‘n vol program vir **Vrydag, 11 Oktober tot Sondag, 13 Oktober.**

- Vrydagaand: Ons beplan ‘n gemeentebraai met heerlike musiek en stalletjies vir die wat nie wil braai nie.
- Vrydag - Saterdag: Ons gaan alreeds met ons Lentemakietie die Vrydag-middag begin tot Saterdagmiddag. Enige iemand wat belangstel in ‘n stalletjie kan ‘n epos vir meer inligting stuur na events@nghelder.co.za. Dit kan omgeegroepe, Uitreik-projekte of buite-uitstallers wees vir kos, handwerk of produkte. Ons wil soveel moontlik stalletjies alreeds van Vrydagmiddag en -aand af hê.
- Sondag: Ons gaan dit vier met ‘n spesiale nagmaal by al die dienste.
- Klassieke Klanke Konsert: Sondag 13 Oktober sluit ons die naweek-fees af met ‘n groot Klassieke Klanke Konsert. Dit beloof om baie spesiaal te wees met die meeste kore en instrumentaliste nog. As jy nog nooit een bygewoon het nie, is hierdie een die moeite werd.

Dié naweek beloof iets vir almal, ons wil mos as ‘n familie saam jubel en feesvier. Sit hierdie naweek sommer nou al in jou dagboek, sodat jy nie ons feesvieringe misloop nie.

Navrae: Corneille Barnard by events@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik Rampondersteuningprojek

"Rampgebeure roep die kerk op tot naasteliefde, noodverligting, onmiddellike versorging en dan ook nasorg of herstel. Die kerk se betrokkenheid by rampondersteuning moet in die teken van diensbaarheid, barmhartigheid, gasvryheid en geregtigheid staan."

Só beskryf die Diaconia-diensgroep van die Wes-Kaapse sinode hul siening oor die rol van gemeentes ten tye van rampgebeure in hul publikasie "Spirale van hoop".

Helderberg Uitreik Rampondersteuningprojek maak dit vir Helderberg Gemeente makliker om betrokke te raak by noodlenigingsaksies wanneer rampe gemeenskappe in die Helderberg-kom, en onder spesiale omstandighede ook elders, raak.

In die afgelope jaar:
Te danke aan mildelike bydraes uit die gemeente kon die projek in die afgelope jaar verskeie gemeenskappe bystaan. In Oktober 2018 het die Rampondersteuningprojek in samewerking met die diensgroep Diaconia en die interkerklike rampondersteuningsgroep RESPOND 'n omgee-uitreik na Khayelitsha gereël nadat 'n brand groot verwoesting gesaai het.

Meer as 100 pakkies met basiese kosmiddels is daar afgelewer. In Januarie het die projekspan met skenkings na Wupperthal gereis nadat meer as 70 huishoudings geraak is toe 'n brand aan die einde van Desember op dié sendingdorpie uitgebreek het. Dit was 'n groot voorreg om letterlik die gemeenskapslede se hande te kon vat en vir hulle 'n gebed te kon doen.

Die Rampondersteuningprojek kon ook die Sri Lanka-projek bystaan nadat van hul verteenwoordigers in daardie land persoonlik geraak is deur die bomontploffings op Paassondag waarin altesaam meer as 250 mense gesterf het. In die afgelope week het 'n verteenwoordiger van die projek 'n nasionale konferensie in Durban bygewoon om verder te gesels oor die kerk se rol in rampe en die vestiging van netwerke om noodlenigingsaksies te bevorder.

Ons kyk ook na moontlikhede om bystand te lewer in gemeenskappe waar die voortslepende droogte steeds 'n groot uitwerking het.

Die projek is voortdurend in gesprek met die Diaconia-diensgroep, asook ander rampondersteuningsgroepe, om geleenthede vir samewerking te identifiseer en te bepaal hoe om hulpbronne ten beste aan te wend om gemeenskappe in nood sinvol by te staan.

Projekleier en kontakbesonderhede: Pia Nänny by 083 289 4876 of pia.nanny@gmail.com

Wil jy betrokke raak as vrywilliger?

Ons benodig:

- Beraders: Het jy ondervinding as 'n berader en 'n behoefte om deel te raak van ons span?
- Omgee-mense wat kan help om persone op ons gebedslys te kontak en besoek.
- Professionele persone wat *pro-bono* kan help met van ons verwysings, ons benodig spesifiek psigiaters, dokters en sielkundiges.
- Dringend op soek na iemand wat vrywillig spelterapie kan doen.

HELDERBERG BERADINGSENTRUM

Kontak vir Meagin van der Westhuizen as jy meer wil weet of op enige van die bogenoemde maniere wil betrokke raak by 021-851 5582 of berading@nghelder.co.za

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*